



Hoërskool President High School

Tygerbergstraat/Tygerberg Street, Vrijzee, 7460

Tel no: 021-591-5181

Faks/Fax no: 021-591-5183

e-pos/email: hoof@presidenths.co.za

Skoolhoof/Principal: El Joubert

Beste Ouer/Voog

HEROPENING VAN SKOLE 2021

Namens die Personeel en die Beheerliggaam heet ek u graag welkom by die nuwe skooljaar. Ons wil ook graag ons meegevoel betuig aan almal wat oor die vakansie 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte gaan uit na u.

Alhoewel die skool amptelik eers op 15 Februarie open, moet leerders asb. vanaf Maandag, 8 Februarie 2021, by die skool aanmeld om hulle handboeke en ander belangrike dokumente te ontvang.

Gr	Datum/Date	Die TYE waarop leerders moet aanmeld, sal per graad aan u gestuur word. Leerders mag gewone klere dra, en moet aan COVID 19 reëls en regulasies voldoen.
12	8 Feb	
11	9 Feb	
10	10 Feb	
9	11 Feb	
8	12 Feb	

Die skool is gereed om die leerders vanaf 15 Februarie vir onderrig te ontvang. Die geboue is deeglik skoon gemaak en gesaniteer en prosedures is in plek vir daaglikse sanitering. Leerders sal saam met hulle handboeke ook hulle roosters ontvang.

Die skoolrooster en ure gaan vanjaar soos volg daaruit sien:

SKOOLURE: Maandag TOT Vrydag

- Hekke open 7:20
- Registerperiode: 7:40
- 7 periodes per dag
- Skooldag eindig: 14:30

SKOOLROOSTER (Elke leerder sal 'n rooster en kalenderdatums ontvang):

- Gr 12 leerders **MOET ELKE DAG** by die skool wees.
- Gr 8-11 leerders: GROEP 1 (Leerders wie se VANNE begin met A-L)
- Gr 8-11 leerders: GROEP 2 (Leerders wie se VANNE begin met M-Z)

Ouers van leerders met ko-morbiditeite wat verkies dat hulle kinders steeds nie skool bywoon nie, moet asb. die Graadvoogde skriftelik inlig.

HOU ASB GEREELD DIE SKOOL OP HOOGTE VAN ENIGE MEDIESE KONDISIENS en ander belangrike inligting, VERAL indien 'n leerder NIE die dag skool gaan bywoon nie.

Ons versoek dat ouers, sowel as die leerders, VOOR Maandag, 15 Februarie 2021, op hoogte sal wees van die inligting in hierdie brief, sowel as die inligting wat leerders volgende week gaan ontvang saam met hulle handboeke.

Ons sien uit daarna om ons leerders terug te verwelkom by die nuwe skooljaar.

Vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'El Joubert'.

El Joubert
Skoolhoof
05-02-2021